Respect: The Golden rule Matthew 6:31

Read Matthew 6:31

31 Do to others as you would have them do to you.

Introduction

Look at the following picture. Do you think the statement is correct?




Jesus is the perfect example of how we should treat our neighbour. Jesus cared for other people. Jesus provided food for large numbers of people. Just think where Jesus fed 5,000 people with five loaves and two fish. Jesus came to serve His neighbour. Jesus even washed His disciples' feet. Jesus forgave those who wronged Him.

What Jesus expects of us

Read:
Matthew 22:37-40 (Contemporary English Version) 37 Jesus answered: Love the Lord your God with all your heart, soul, and mind. 38 This is the first and most important commandment. 39 The second most important commandment is like this one. And it is, "Love others as much as you love yourself." 40 All the Law of Moses and the Books of the Prophets[a] are based on these two commandments.

**How should we treat other people?**

- Be kind and considerate to all people. Greet friendly and say thank you and please.
- Do not be selfish. Do not always put yourself first. I often do not see what my friends are going through when I think of myself. I then do not see other people's problems. There are usually many opportunities to help others as I take the time to notice my neighbour and their needs.

• Never think you are better than others.

• Help your neighbour where you can. See if you can pack an extra sandwich for someone hungry.

• Be patient with your neighbour.

• Forgive people who wrong you.

• Try your best to live in peace with everyone.

**Prayer**

Thank you, Jesus, for loving us first. Thank you for caring for us every day. Please help us to love our neighbour as ourselves. Please help us to respect all the people we encounter. Help us not to think we are better than others. Please help us forgive other people for what they have done to us. Please forgive our sins.

**Respek - Die goue reël** **Lukas 6:31** Afrikaans 1983/1992 (AFR83)

Lees: Lukas 6:31 Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.

Inleiding

Kyk na die volgende prentjie. Dink julle die stelling is korrek.



Jesus is die volmaakte voorbeeld van hoe ons teenoor ons naaste moet optree.  Jesus het vir ander mense omgegee.  Jesus het kos aan groot hoeveelhede mense voorsien.  Dink maar net waar Jesus 5000 mense gevoed het met vyf brode en twee visse.  Jesus het gekom om Sy naaste te dien. Jesus het selfs Sy dissipels se voete gewas.  Jesus het mense wat Hom kwaad aangedoen het vergewe.

**Wat Jesus van ons verwag**

Lees

Mattheus 22:37 - 40 (Afrikaans 1983/1992 (AFR83) [37] Jesus antwoord hom: " Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel, en met jou hele verstand. [38]Dit is die grootste en die eerste gebod. [39]En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' [40]In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

Ons moet dus God liefhê met ons hele hart, siel en verstand en ons naaste soos ons self. Indien ons, ons naaste liefhet soos onsself sal ons nie wag dat iemand anders ons eerste respekteer nie.  Ons sal nie wag dat ander mense eers respek aan ons betoon voordat ons hulle respekteer nie.

**Hoe moet ons teenoor ander mense optree?**

- Wees vriendelik en bedagsaam teenoor alle mense.  Groet almal eerste. Groet vriendelik.  Sê dankie en asseblief.
- Moenie selfsugtig wees nie.  Moenie jouself altyd eerste stel nie.  Wanneer ek net aan myself dink sien ek baie keer nie dit waardeur my maatjies gaan, raak nie. Ek sien dan nie ander  mense se probleme raak nie.  Daar is gewoonlik baie geleenthede om ander te help as ek die tyd neem, om my naaste en hul behoeftes regtig raak te sien.
- Moet nooit dink jy is beter as ander nie.
- Help jou naaste waar jy kan.  Kyk of jy 'n ekstra broodjie kan inpak vir iemand wat honger is.
- Wees geduldig met jou naaste.  As jou maatjie iets nie kan regkry nie, moenie hom slegsê nie.  Help jou maatjie eerder.
- Vergewe mense wat verkeerd teenoor jou optree.
- Moenie met jou maats baklei nie.  Probeer jou bes om in vrede met almal saam te leef.

Gebed

Dankie Jesus dat u ons eerste liefgehad het.  Dankie dat u vir ons omgee en elke dag vir ons sorg.  Help ons asseblief om ons naaste lief te hê soos onsself.  Help ons asseblief om alle mense wat ons raakloop te respekteer.  Help ons dat ons nie sal dink ons is beter as ander nie.

Help ons om ander mense te vergewe vir dit wat hulle aan ons gedoen het. Vergewe ook asseblief ons sonde.